

GRAAD R VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Tone

Ag, kyk my baie tone!
Kyk my snaakse tone!
My groottoon, my kleinton,
En al my ander tone:
'n Kromtoon, 'n stomp toon,
'n skewe toon, 'n lomp toon
'n plat toon, 'n lang toon,
'n kort toon, 'n mank toon!
Hoe kan hierdie snaakse boel
In 'n skoentjie lekker voel?

Kaatjie Kalbas

Kaatjie Kalbas
Sit in die as
En maak haar rokkie vuil.
Katjie se ma
Gee haar 'n pakslae
En Kaatjie begin te huil

Die Olifant

Hierdie gomlastiekkalant
Met 'n stert aan elke kant,
Met sy turfvel kaal en skurf,
Met sy langslang van 'n slurp,
Is die
Olie-
Rolie-
Polie-
Katjie-
Poetjie-
Olifant.

Krullebol

Krullebol, Krullebol
Word tog gou – gou my vrou!
Jy kan vergeet van stoof en kastrol,
As my maar net met my trou
Jy kan heeldag sit en borduur,
Jou handjies sag hou
En lekkergoed kou
En bediendes vir alles rondstuur.

GRAAD 1 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Die Hekkie

Hekkie, hekkie, hou jou toe!
Hier kom hen
Met kuikens aangestap
Om jou beddings plat te trap,
Om jou saadjies uit te krap...
Kloek, Kloek,
Piep, piep, piep...
Hekkie, hekkie, hou jou toe!

Hilda Postma

Skaapwagtertjie

Skaapwagtertjie, skaapwagtertjie,
kom blaas op jou horing!
Die skape is in die weiveld,
Die koeie in die koring.
Waar is die wagtertjie
Wat die diere oppas?
Hy's onder die hooimied
En slaap lekker vas.
Sal jy hom wakker maak?
Durf jy dit waag?
Al is hy hoe vaak,
Doen ek dit graag.

Die Koekie-Smous

Koekies, koekies, soete koekies,
Dié sit ek van die hand:
Koekies vir 'n lekkerbek
Wat jou laat watertand.
Die koekie-smous, ja, dié is ek
Want almal is vir koekies lus
En koekies maak ons almal bly.
Hier's een vir jou en een vir my
En een vir Boet en een vir Sus.

Die vuurvliegie

Vuurvliegie, Vuurvliegie,
Lanterntjie van ons land,
Liggies vlie jy orals rond,
Hoe bly jy aan die brand?
Vuurhoutjies, ja vuurhoutjies,
Dra jy in jou sak.
Sit jy dan saans ook
Jou lampie op die rak?

Helena J.F. Lochner

GRAAD 2 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Die Wilde Wolman

Hy het 'n wollerige jas
En 'n wollerige hoed,
En 'n wollerige hand
En 'n wollerige voet.

'Hou vas, Haakbos!
Hou vas sy jas!'

'Help my! Help my!
Ek toring los!
H-e-l-p! H-e-l-p!
Laat los, Haakbos!'

'Daar gaan my jas!
Daar gaan my hoed!
Daar gaan my hand!
Daar gaan my voet!'

W.O. Kühne

Riviere

Witrivier se water blink,
Buffelsrivier het horings
Leeusrivier het bok gevang
En Boomspruit is vol dorings.

Modderrivier is vaal,
Vetrivier is blink.
Visrivier se vet vis
Sink en verdrink.

Apiesrivier haal streke uit
En swaai in die takke rond.
Die krokodil lê varkens voor
By Varkensvlei se mond.

Willemien

Waar, Willemien, gaan jy na toe?
Ek gaan net gou-gou winkel toe.

Wat, Willemien, wil jy gaan koop?
Klere vir Kiets om haar te doop.

Sê my, Willemien, watter soort
klere?
*'n Lint met 'n strik en 'n klossie
vere.*

Wie gaan haar doop, wie's predikant?
Eerwaarde Otter of Olifant.

Haar naam, Willemien, hoe doop jy haar?
*Katsekina Wollewina Kietsie Koetsie de
Jaar.*

GRAAD 3 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Speel saam en sê saam

Wat is dit wat die dogtertjies daar maak?
Sing en wieg hul poppies aan die slaap.

Raai bietjie wat die seuns daar doen!
Speel met pitte, ellies en 'n ghoen.

Kyk wat die nooientjies daar aanvang.
Dis hare vleg of krul met 'n tang.

Voer die kêrels iets besonders uit?
Roei heeldag rond op die dam in 'n skuit.

Waarom maak die tantes hulle mooi?
Almal na partyties uitgenooi.

Sê tog of die ooms ooit iets verrig!
O ja, party speel gholp en ander dig.

Soekie Louw gaan wasgoed was

Soekie Louw gaan wasgoed was.
Haal die wasgoed uit die kas,
Bind 'n voorskoot om die lyf,
Smeer met seep en vryf, vryf, vryf.
Een, twee, drie is alles klaar
En silwerskoon is dit, sowaar!

Soekie Louw hang wasgoed op –
Kyk hoe drup dit op haar kop!
Pennetjies wat styf vasknyp,
Dan kan windjie dit nie gryp!
Sokkies, doeke aan die lyn,
Nou moet sonnetjie net skyn!

Tortelduifie

Tortelduifie, kam jou kuifie:
Maandag is dit Nuwejaar.
Kooitjie Vlooitjie, stryk jou plootjie:
Dinsdag is dit kerkbasaar.

Tuisie Muisie, bou jou huisie:
Woensdag gaan dit baie reent.
Hansie Gansie, trap 'n dansie:
Donderdag trou 'n eend.

Tokkie Bokkie, lui jou klokkie:
Vrydag sluit die skole mos.
Rooiwangpoppie, vleg jou koppie:
Saterdag is ons uitgedos.
Totjie Otjie, kook jou potjie?
Sondag eet ons lekker kos.

GRAAD 4 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Pret in die kombuis

Die peperbus dans
Met die potjie vol sout:
Hoppie-hop, hoppie-hop, hoppie-hie!
Die teelepel skop
Teen die kommetjie sop:
Tienge-lieng tienge-lieng tienge lie!

Die suikerpot dans
Met die beker vol melk:
Doempie-doem doempie-doem, doempie!
Die eierspaan bons
Op 'n kant dat dit gons
Range-roeng range-roeng range-rie!

Die lepels spring ver
En die messe spring hoog,
Die vurke dans saam
In 'n kring!
Die potte en panne
Spring rond
Op die stoof,
En die ketels
Staan almal en sing!

Vyf klein brakkies

Vyf klein brakkies op die spoor van 'n tier.
Die tier gry die voorste, toe is daar net vier.

Vier klein brakkies slaan op die vlug.
Die een verdwaal, maar drie kom terug.

Drie klein brakkies spring oor 'n voor.
Een spring kort, en twee bly oor.

Twee klein brakkies gaan seil met 'n skuit.
Die skuit slaan om – net een swem uit.

Die laaste klein brakkie laat sy stertjie krul,
Toe spog hy hom dood, en nou's daar nul.

Dae van die week

Maandag is dit wasdag
En Dinsdag gaan ek stryk;
Woensdag is 'n lekker dag
Om winkels deur te kyk.

Donderdag maak ek huis aan kant
En Vrydag bak ek koek,
Want Saterdag kom al my maats
My by die huis besoek;
Sondag, as ek kerk toe gaan,
Trek ek my beste klere aan.

Rika Nel

GRAAD 5 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Watter dag

Die Maandagkind moet leer besing,
Stort hals-oor-kop in alles in.

Die Dinsdagkind is fluks en wakker,
Hy klap soos 'n voorslag oor sy akker.

Die Woensdagkind kan planne maak
Om uit sy strikke los te raak.

Die Donderdagkind is vlug van gees,
Hy wil altyd net die voorperd wees.

Die Vrydagkind is pligsgetrou,
Dis in sy aard om koers te hou.

Die Saterdagkind is nors en kwaai,
Oor almal wil hy koning kraai.

Die Sondagkind rig sag en stil,
Sy lewe na die Heer se wil.

Skoene koop

Klein Dolfie kry so swaar om te loop
Dat sy mamma vir hom nuwe skoene gaan koop

In die winkel vertel sy wat daar skort;
“Sy voet is te lank en sy skoene te kort!”

Die tannie pak af en sy mamma pas aan –
Dan moet hy sit en dan moet hy staan.

Die skoene word 'n lang, lange ry,
Maar nommer pas kan hy glad nie kry:

Die vales – nee, dit is nie goed;
Die bruines pas ook nie sy voet.

Die swartes – ja: ‘Bind styf die strik!’
‘Met hulle is ek in my skik!’

Kyk tog net hoe blink die goed –
Die splinternuwe voetgoed!

Kwi-aat! Kwi-aat! Klink dit op die straat –
Dis nuwe goed wat so kan praat!

Die maats begeer: as ons dog Dolfie was...
Met skoene wat so netjies pas!

Die aand, verseg of hy wil lê –
Hy wil opsluit sy skoene by hom hê!

Met nuwe skoene in elke hand
Reis hy toe weg na dromeland.

GRAAD 6 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

My voorskote

Maandag se voorskoot is diep donkerrooi,
Met poppies en perdjies daarop rondgestrooi.

Dinsdag se voorskoot is alles van groen,
Met 'n sakkie geknip soos 'n goudgeel lemoen.

Woensdag se voorskoot pas goed by my wange-
dis rooskleur met blomme van soetste verlange.

Donderdag sin is baie mooi sterk,
Met kuikens en eendjies daarop uitgewerk.

Vrydag se voorskoot het valletjies om
En reg in die middel 'n groot sonneblom.

Saterdag dra ek 'n voorskoot van blou,
Met spierwitte sakkies en 'n klein ronde mou.

Maar Sondag sin is nog die mooiste van mooi,
Dis pragtig borduur en ook alles geplooi,
En rondom die voorskot is fyn witte kant.
Ai, Sondag is ek Jufrou Prinses Sjarmant!

Elizabeth van der Merwe

Skoene koop

Klein Dolfie kry so swaar om te loop
Dat sy mamma vir hom nuwe skoene gaan koop

In die winkel vertel sy wat daar skort;
“Sy voet is te lank en sy skoene te kort!”

Die tannie pak af en sy mamma pas aan –
Dan moet hy sit en dan moet hy staan.

Die skoene word 'n lang, lange ry,
Maar nommer pas kan hy glad nie kry:

Die vales – nee, dit is nie goed;
Die bruines pas ook nie sy voet.

Die swartes – ja: ‘Bind styf die strik!’
‘Met hulle is ek in my skik!’

Kyk tog net hoe blink die goed –
Die splinternuwe voetegoed!

Kwi-aat! Kwi-aat! Klink dit op die straat –
Dis nuwe goed wat so kan praat!

Die maats begeer: as ons dog Dolfie was...
Met skoene wat so netjies pas!

Die aand, verseg of hy wil lê –
Hy wil opsluit sy skoene by hom hê!

Met nuwe skoene in elke hand
Reis hy toe weg na dromeland.

GRAAD 7 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Lied van die Lappop

Ek is die lappop wat nie praat
En maak net op jou liefde staat

Saans lê ek blind en stil en doof
En lig nie meer my semel-hoof

My hande roer nie en my lyf
Word met jou weggaan koud en styf

Sonder jou hulp kan ek nie loop:
Jy het my sommerso gekoop

En sal my nog een Guy Fawkes-nag
Goeds moeds verbrand en daaroor lag.

Ek is die lappop sonder gees
My pyn jou luid gevierde fees.

Ingrid Jonker

Begin somer

Begin somer en die see
'n Oopgebreekte kweper
Die lug soos 'n kind
Se ballon

Ver bo die water
Onder die sambrele
Soos gestreepte lekkergoed
Mure van mense
En die gul lag van die baai
Het goue tande

Kind met die geel emmertjie
En die vergete vlegsels
Jou mond is sekerlik 'n klokkie
Klein tongetjie klepeltjie
Jy bespeel die son daglank
Soos 'n ukulele

Tokkelos

Ons kinders weet al lankal
Jy eet duiwelkos
Ons hou van uintjies en froetangs
Maar ieder mens het mos

Sy eie liefde. In die bos
Speel een met water een met grond
Tot middag as die rooiborsie
En son die hemel rond

Dan sien ons nie jou impels nie
Jou lag van lig
Dan sien ons bang vir iets wat vas
Die donkerkant van jou gesig

Bang vir koggel bang vir lag
Vlug on suit die bos
Ons kinders weet al lank hul noem
Jou Liefde, tokkelos.

GRAAD 8 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Portret van 'n weduwee

Sy staar na die blou are op haar hand
Terwyl sy in die Sondagmiddag wat
Neerskyn op die rustelose strand,
Geduldig sit of loop en peins: Nou dat

Die vreemde bloeisel van herinnering
- Skaars liefde, skaars geluk – nog vir haar bly
Sal sy uit hierdie aardse wisseling
En haar verlies tog weer die sterkte kry.

So het sy klaarheid in haar gees gevind
En so geweet die middag langs die see
Sy sal aan die twee kinders wat haar bind
Haar lewe wei as weduwee;
En word sy later weer deur een gevra
Wat sal sy vir hom antwoord: Nee of Ja?

Onthou jy nog?

Onthou jy nog die dae
Van wens-ons-was-al-groot;
Al ons wysheid en ons vrae
Na die lewe en die dood?

Die dag was veertig volle ure,
Die nag was net oogknip kort,
En 'n vesting was die mure om on sheen
Wat later sel sou word.

Onthou jy nog die tye
Van liefhê, droom en bou;
En die later dae se swye
Om alles te behou?

Tog vreemd die tyd se laaie.
Die lewe is te bitter kort.
Dat ons, na al ons paaie, ierdereen
Weer kind, maar wees, moet word.

Dagbreek dief

Ligvoets krulpoot
Draf die jakkels
Kort teen dagbreek
Deur die blare en
Die hoenders
In die skelm
Kennebakkies
Pryk die hoenderveer
Ou kalant
En so gallant
Met sy glimlag
Van wit kiestand
Selftevrede
Hoog verhewe
Bo die strewer
Van 'n kwer en
Ook ander miere
Om den brode

Losklos
Draf hy
Met sy kos –
telike bakkies

GRAAD 9 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Graf

In die aand by Gordonsbaai
Het sy kinderlik geraai

Waar die lelieblom kan wees
Wat haar hart van pyn genees.

In haar soektog raak haar hande
Aan die onkruid op die strand

Word haar oë sag en blind
Waai haar drome in die wind

Hurk sy roerloos vasgerank
Toegemaak deur wier en sand.

Hond

Ek lê onder jou hand – ‘n brak
In die knorrende stilte
In die tjankende maan
Getralie tussen die sterre, sy
In haar onsettende
Wit kom en gaan.

(Ek wou ook nog gaan hase jag
Oor my eie karoo
Oor my brandende vlakke
Van oker tot oker, o
Wit vlaktes van jou hande!)

Vanaand sal ek met my tande oop
Ruk aan die sluwe ritme van die maan
Luister na my soetheid en verte
My langluidende blaf
Uit my hok; wit maan, wit baas,
In die nag.

Bitterbessie Dagbreek

Bitterbessie dagbreek
Bitterbessie son
‘n Spieël het gebreek
Tussen my en hom

Soek ek na die grootpad
Om daarlangs te draf
Oral draai die paadjies
Van sy woorde af

Dennebos herinnering
Dennebos vergeet
Het ek ook verdwaal
Trap ek in my leed

Pappegaai – bont eggo
Kierang kierang my
Totdat ek bedroë
Weer die koggel kry

Eggo is geen antwoord
Antwoord hy alom
Bitterbessie dagbreek
Bitterbessie son

GRAAD 10 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Kabouterliefde

Die kabouter met rooi-rooi pet
Die kabouter met die geel hemp aan
Het sy hart gistraand vir my gegee
En sy hemp is vir die maan

Die hoepelronde blou-blou lug
Het kadoemps op die grond geval
Hy't dit blink-blou in sy hand gerol
Toe speel ons daarmee bal

Die sterre met hul wit ligte
Het geknipoog toe ons lag
Hul't rondom ons in 'n kring getrek
Soos 'n laer in die nag

Die aandblom het sy trom-trompet
Geblaas in die warrelwindkring
Die kalkoentjies met hul rooi mondjies
Het die sprinkaan-wals gesing

Die maan met sy geel lyfie
Het gaan plat lê op sy rug
Hy't gaan slaap by die gousblomme
Met sy boepens in die lug

Die kabouter met rooi-rooi hart
Het dit self vir my gesê
Hy't die aarbol oor sy kop gegooi
O dis hier waar die liefde lê

Blanchie en Oumou: 'n Reine liefde

Op stap met hul trollies
By die self-service-plek
Het Blanchie vir Oumou
In 'n botsing ontdek

Die ding het begin
Onder Sanpic en Vim
Want wie kan besin
Onder Sanpic en Vim?

Haar trollies het ontspoor
En met syne konnek
En albei is raaklings
Tot romanse gewek

Die ding het begin
Onder Sanpic en Vim
Want wie kan besin
Onder Sanpic en Vim?

Die botsing was pynlik
Maar genadig fataal:
Onder skerwe en skuim
In hul gloeiend gehaal

Die ding het begin
Onder Sanpic en Vim
Want wie kan besin
Onder Sanpic en Vim?

Hul kinders is blankes
- Toutologies bepaal! –
Op die keper beskou
Tog 'n O.K. - verhaal

GRAAD 10 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019 (vervolg)

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Die wonderlike droom

Het julle gehoor van my wonderlike droom?
Elke aand droom ek van 'n ander boud:
Die eerste boud is 'n hoenderboud,
Die tweede boud is 'n beesteboud,
Die derde boud is Amina se boud.

Boude, lekker hoederboude,
Boude, lekker beesteboude.
Die boat wat ry sal jy in die water kry,
Wat jy wil hê is die boud wat by jou lê.

Ek droom ek vat aan Amina se boud:
Die linkerboud was 'n bietjie koud,
Maar haar regterboud maak my so benoud,
Toe eet ek maar liewer die hoender se boud.

Maandag loer ek so die boud,
Dinsdag is die boud nog koud,
Woensdag raak die boud benoud,
Donderdag is ek somer stout.
Die hoender se boud is piekelsout.
Wie het nou die regte boud?

Wat ek wakker skrik,
Toe kyk ek rond:
Die komberse lê almal
Op die die grond.

Dis 'n droom,
Dis 'n droom,
Dis 'n wonderlik droom,
Dis 'n droom van baie boude.

GRAAD 11 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

die dag op nuweland

hoera en boland en haak vrystaat
skree ons van die pawiljoen
vir die rugbyspelers
wat soos gestrepte haaie rondduik
en na mekaar se boudvleise hap
en ons kou grondboontjies en ons kake gaan
op en af
op en af
‘n maer meisie van swellendam
brei mansokkies
en soos on boland en haak vrystaat skree
brei sy al vinniger
sodat ek senuweeagtig word
oor die spoed
waarmee sy die wol
oor haar dun dun voorvinger stoot
en ek my tong raakbyt
oral op die pawiljoen
spring mannetjies
regop
en die planke wip hulle weer terug
en dan weer
regop
en ons kou grondbontjies en ons skree
hoera boland haak vrystaat
soos die rugbyspelers
nou met toenemende venyn na mekaar gryp
en alles later bloederig word
en die gras mislikgroen regop staan
dit begin reën
en die blou reën was die bloed dieper
in die gras
die dag is pers
en die son skyn oor alles
toe die eindfluitjie blaas
brul en skud die hele pawiljoen
sodat die potsierlike hoedjies
teen ‘n ontstellende spoed op en af
op en af
wip

die dag op nuweland (vervolg)

en die rugbyspelers dra die stukkende held
skouerhoog en die held gryns
en die meisie van swellendam
bêre haar breiwerk in ‘n sneeuwitdoekie
en krap in haar neus
die rugbyspelers dra die stukkende held
tot voor my

GRAAD 11 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019 (vervolg)

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Nuttige resepte

Vir Hoofpyn

Tinktinkiesbloed en kraai se aptyt;
Vier lepels hondeblaf;
Jakkals se byt en wolf se huid,
En 'n ystervark se draf.

Vir Tandpyn

'n Emmer sonskyn in 'n sak gevang,
Van leeu se brul sowat;
Die sleepsels van 'n waterslang,
En skaduwee van 'n kat.

Vir Koliëk

Wat suikerbossiestroop gekook,
Met 'n pond verslaande wasem,
Die maniere van 'n wyfiespook,
En 'n bobbejaan se asem.

Vir Jig

'n Houtkis goed vol met wind,
Met twee el steenkoolrook,
Die ouderdom van maer Gert se kind,
Met naarheid goed gekook.

Vir Omloop

Die nuttigheid van 'n pampistool,
Die snaaksheid van 'n grap,
Die hoogvlieg van 'n jakkelsvoël
En die skuinsloop van 'n krap.

Vir Skrik

Die helderlig van vollemaan,
Van aasvoëlruik 'n duim,
'n Bottelkraai van 'n hoenderhaan
En een skilpad se versuim.

Naskrif: Vir Vaak

Die sap van 'n halwe suurlemoen in 'n glas water gee onmiddelik verligting van vaak.

GRAAD 12 VOORGESKREWE GEDIGTE 2019

KIES SLEGS EEN VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE

Toemaar die donker man

Op die groen voetpad
Van die horison ver
Om die aarde skat,
Stap 'n ou man wat
'n oop maan dra in sy hare
Nagtegaal in sy hart
Jasmyn gepluk vir sy oop knoopsgat
En 'n rug gebuk aan sy jare.

Wat maak hy, mammie?

Hy roep die krikies
Hy roep die swart
Stilte wat sing
Soos die biesies, my hart
En die sterre wat klop
Tok-tok liefing,
Soos die klein toktokkies
In hul fyn-ver kring.

Wat is sy naam, mammie?

Sy naam is Sjuut
Sy naam is Slaap
Meneer Vergeet
Uit die land van vaak
Sy naam is toemaar
Hy heet my lam
Tomaar, die donker man

Mammie

Toemaar, die donker man

Oujongkêrel

Gesog is hy onder hulle
Mans en vrouens sonder onderskeid
Kunstenaars sangeresse komponiste
Digtters professioneles ouderdom
Is nie van veel belang nie oud en jonk
Hul soek hom op vir sy etes wyn sy
Kordate pittigheid sy egte intellek

Alles het hy in die fynste smaak
Musiek digskrifte romans
Nie-fiksie (het dit als gelees)
Sy breekgoed antiek en nuwerwets
Sy skilerye is 'n fees

'n fynproewer is hy ook in
Die keuse van sy instrumente
Apparae wat kan skakel
Af of aan of oop of toe
Klik op sy bevel en produseer
Gemaalde koffie sop of moes
Kleurtrou klanktrou beelde en
Geluide an daar floreer 'n
Oorvloen binnenshuise plante
In die sagtheid van 'n neon

...so onbeholpe is hy as 'n
Vrou nie af wil klik nie skoon
Verskrik as sssy sy heiligdom wil
Binnebars en van wile is:

Een pond van sy goedgekeurde
Saggemaakte na-skeer-vleis